

Jan Steyn preek 4 Februarie 2018

Teks: Genesis 29 en 30

Tema: Op wie is jou hart gerig?

Inleiding:

Afgodery skryf is die boom waaruit baie van ons sonde en struggles in die lewe vertak. So skryf Kyle Idleman in sy boek Gods at war: "Idolatry is always the issue. It's the trunk of the tree and all other problems are just branches." **Wat is 'n afgod- die engelse idol?** Enigiets kan 'n afgod in ons lewens word as dit vir God in ons lewens verplaas. Timothy Keller skryf afgode kom as ons goeie dinge in ons lewe 'n suksesvolle loopbaan, liefde, ons besittings, ons sport of selfs ons familie allesbepalende dinge laat word- we turn good things into ultimate things. Dit is dan nie meer deel van ons lewe nie, dit word waarvoor ons lewe. **Daarom is 'n afgod enigiemand of enigiets wat jy van verwag om jou te gee wat net God jou werklik kan gee:** "An idol is whatever you look at and say, in your hearts of hearts. If I have that, then I'll feel my life has meaning, then I'll know I have value, then I'll feel significant and secure." (Tim Keller)

In hierdie storie in Genesis 29 en 30 wat ons saam gelees het, is daar vyf hoofkarakters.

Die eerste is Jakob:

Jakob moes vlug uit sy eie ouerhuis. Jakob was die jongste van twee seuns en sy ouer broer was Esau. Dit beteken Esau het die eerstegeboortereg gehad en sou basies alles erf wat sy pa nagelaat het. Dit het hom hierdie magtige posisie in sy ouerhuis gegee. Sy posisie was nog magtiger want hy was boonop sy pa Jakob wat al blind en oud was se gunsteling. Julle sal onthou van julle Sondagskooldae hoe Jakob en sy ma Rebekka die blinde Jakob gekul het deur voor te gee dat Jakob Esau is en so die eersgeboortereg gesteel het. Sy het vir Jakob bokvelletjies om sy arms gedraai dat hy vir sy pa harig soos sy broer gevoel het. En so spreek Jakob die eersgeborene se seen oor die verkeerde seun uit.

Esau is woedend toe hy van hierdie bedrog bewus word. Sy pa se hande is afgekap- hy kan nie die seen wat hy uitgespreek het, gaan terugneem nie. Al wat vir Esau oorbly is wraak- hy gaan sy broer doodmaak. Rebekka help haar seun Jakob om te vlug- hy moet na haar broer Laban in Haran toe gaan en daar herberg en skuing gaan vra. Aan die begin van hoofstuk 29 vind ons Jakob naby aan die familie waarheen sy ma hom gestuur het.

As ons die verhaal lees, is dit duidelik waarop al Jakob se hart en begeertes gerig is: op Ragel. Die engelse woord lovesick beskryf sy toestand die beste. Ons weet nie veel van Ragel se persoonlikheid nie- die Bybel skryf net sy was mooi gebou en sy was beeldskoon. Jakob kom ooreen om sewe jaar

lank vir Laban te werk en dan vir Ragel as vrou te kry. Jakob lees ons, het sewe jaar gewerk vir Ragel en dit was vir hom soos 'n paar dae, want hy het haar liefgehad. Dit is duidelik Jakob het haar begeer. Na hy sewe jaar vir Laban gewerk het soek hy vir Ragel soos ooreengekom: Gee my nou my vrou. Die tyd is verby. Maar hier staan nie in die oorspronklike teks ek wil met haar trou nie. Daar staan- ek wil by haar ingaan- met haar seksueel verkeer. Jakob se liefde vir Ragel is eerstens seksueel en op die seksuele aantrekkingskrag wat sy vir hom gehad het, gegrond.

Hoekom was Jakob se hart so intens op Ragel gerig? Want Jakob se lewe was leeg. Hy het nooit sy vader se liefde gehad nie- Esau was sy gunsteling. In die land ver van sy familie het hy nie eers meer sy ma se liefde gehad nie. Hy het alles verloor- geen huisgesin of erfgoed. En toe sien jy Ragel- die mooiste vrou in daardie omstreke. En hy sê vir homself: As ek haar kan kry sal iets uiteindelik reg wees in my mislukte lewe, dan sal die lewe betekenis hê en sy sal dinge regmaak. Iemand met 'n vrou wat so lyk aan sy arm sal uiteindelik iemand wees. Jakob wil sy identiteit vind as Ragel se man. Klink dit bekend? Die afgod van romanse. As ek net daardie persoon kan kry wat by my pas sal my leë lewe vol wees of ten minste my halwe lewe heel. Kyle Idleman skryf baie duidelik hieroor: When we look to someone other than God to complete us and define our lives it is idolatry. When you say to someone I want you to satisfy me. I want you to save me, I want you to be my source of significance, what you are really saying is I want you to be god for me.

Op die ou end word Jakob ingeloopt- hy word nie saam met Ragel wakker nie, hy word saam met Lea wakker. Hoe maak jy so 'n fout? Die eerste wat waar is van daardie tyd is dat alkohol vryelik gevloei het met sulke huweliksfeeste. Jakob was waarskynlik ver van nugter toe hy die huwelikstent ingegaan het. Boonop was die bruid tydens die hele seremonie erg versluier en in die donker na haar man se huwelikstent gebring. Jakob was dus waarskynlik dronk en ongeduldig en net daarop ingestel om sy fisiese behoeftes met die bruid te bevredig. Hy was nie juis op die bruid ingestel nie.

Die volgende oggend word Jakob nie saam met Ragel wakker nie, maar met Lea, waarskynlik die minder aantrekklike en opvallende suster. Haar pa sou nie vir Lea so maklik getroud gekry het soos die beeldskone Ragel nie en hy wend hom tot bedrog om haar getroud te kry. Jakob is woedend oor die bedrog. Maar hy stry nie te lank nie. Enersyds omdat hy dalk skielik besef Laban het my bedrieg soos ek my eie pa en broer bedrieg het. Nou verstaan hy wat sy pa en Esau beleef het. Boonop kry hy binne een week vir Ragel as vrou, op voorwaarde dat hy nog sewe jaar vir Laban werk.

In hoofstuk 29 vers lees ons hoe Jakob se verhouding tot Ragel en Lea was: Hy het vir Ragel baie liever gehad as vir Lea.

Jakob se lewe verander eers heelwat later in Genesis 32 as hy by die Jabbokrivier met die engel van God stoei en sy naam deur God verander word van Jakob na Israel- die een wat die vader van daardie hele volk sou word. Uiteindelik vind Jakob nie meer sy identiteit as Ragel se man nie, maar in God.

Die tweede hoofkarakter is Laban:

Laban is hierdie bobaas onderhandelaar wat altyd homself en sy belange eerste stel. Sy dogters Lea en Ragel is besittings wat hy verpand en weggee om die Jakob se dienste te behou wat binne die eerste maand lyk na hierdie goeie bestuurder en herder van sy skaap en -bokkuddes. Na die eerste maand van sy verblyf by Laban om is, roep Laban vir Jakob in: "Jy is familie, maar dit beteken nie dat jy verniet moet werk nie. Sê vir my wat ek jou moet betaal." Jakob soek vir Ragel. Maar hy het geen bruidskat of geld wat hy vir Laban kan aanbied om vir haar te betaal nie. Hy gee daarom vir sewe jaar sy arbeid om Ragel te kry. Laban kry hierdie werkskontrak van Jakob op die ou end verleng na 14 jaar toe deur hom eers Lea in plaas van Ragel te gee as vrou. Laban ken van wheel en deal. Hy kry hierdie bekwame ou om vir hom te werk sonder om hom ooit te betaal. Al wat hy afgegee het vir 14 jaar se diens was sy twee dogters. Vir Laban was dit waarskynlik die grootste bargain ooit.

Laban het beslis die meeste voordeel getrek uit sy dogters se huwelik met Jakob. Maar hy het sy dogters deur sy optrede tot ewige mededingers verdoem.

Die derde hoofkarakter is Ragel:

The girl everyone wanted. Sy was mooi gebou en beeldskoon. Dis wat die mans tog heel eerste raakgesien het. Sy is haar suster ver voor in voorkoms. Sy het egter een probleem wat in daardie tyd amper die ergste was wat jy kon oorkom. Sy kon nie kinders hê nie en die probleem kon nie by Jakob lê nie, want hy het links en regs talle kinders by haar slavin sowel as by Lea en haar slavin gehad. Sy val in haar frustrasie vir Jakob haar man aan: Gee vir my seuns, anders sterf ek. Dogters het nie getel nie. Wat is Jakob se antwoord? Hy vererg hom n vra of hy God se werk kan oorneem, want dit is God wat veroorsaak dat sy nie swanger kan word nie. Ons lees in 30:1 dat toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld kon bring nie, sy jaloers geword het op haar suster Lea. Sy gee toe haar slavin Bilba aan Jakob as vrou en die kinders wat uit Bilba gebore sou word, sou gereken word as Ragel en Jakob se eie kinders. Toe Bilba haar tweede seun Issaskar in die wêreld bring, sê sy triomfantelik: Ek was in 'n bitter stryd gewikkel met my suster, maar ek het gewen. Daar is al baie huwelikpreke oor Jakob en Ragel gemaak, maar ons lees nooit in die Bybel dat sy hom so liefgehad het soos hy vir haar nie.

Ragel word as vyand teenoor haar suster gestel- seker eerstens deur natuurlike seleksie- ek is tog mooi en al die seuns sien my raak. Tweedens word hul vyande deur hul pa se skelmstreke om hul aan dieselfde man af te smeer. Sy word omdat vroue se nut en rol in daardie tyd gesien is as om kinders end an veral seuns vir hul man te baar, in direkte kompetisie met haar suster geplaas.

Ons lees in 30:22 dat God later op Ragel ag geslaan het en haar gebede verhoor het. Sy het twee seuns in die wêreld gebring Josef en heelwat later ook vir Benjamin.

Die vierde hoofkarakter is Lea:

Tim Keller se boodskap oor Lea se lewe is getiteld *The girl nobody wanted*. Hy vertaal soos baie ander nie dat Lea sagte oë gehad het nie, maar *weak eyes* wat dan iets soos skeelheid sou kon beteken het. Waarskynlik is die Nuwe Afrikaanse vertaling egter hier reg met die vertaling van sagte oë. Die Hebreeuse woord rak word nooit negatief gebruik nie. Haar sagte oë was waarskynlik dan ook aanduiding van 'n sagte en liefdevolle geaardheid. Hoe dit ook al sy, Lea het nie die fisiese aantrekkingskrag van haar suster gehad nie.

Lea se lewe is net so leeg soos Jakob se lewe. En soos Jakob totaal op Ragel gerig is, is Lea totaal op Jakob gerig. Sy vind haar identiteit daarin om Jakob se vrou te wees en vir hom veral seuns te baar. Kyk na die name van die eerste drie seuns wat sy vir Jakob baar. Haar eerste seun is Ruben- nou sal my man my sien. Die tweede is Simeon- nou sal my man my hoor. Die derde is Levi- nou sal my man aan my gebind of verbind wees. Haar hele lewe is op Jakob en sy goedkeuring en sy liefde gerig. Eers by die vierde seun kry Lea wysheid- sy naam is Juda- hierdie keer prys ek die Here. Sy begin verander van iemand wat net op Jakob gerig was na iemand wat op God gerig raak.

Die vyfde hoofkarakter is God:

Wat doen God? God bewys genade op genade aan die vrou wat niemand begeer het nie. Haar vierde kind is Juda- hy is die lyn na die Messias toe- nie Ragel se kinders Josef en Benjamin nie. Die Messias kom uit die stam van Juda, Lea se seun. Uit Lea se derde seun Levi het die priesters van Israel gekom- daarom is hulle leviete genome. Toe die Here sien Lea word nie bemin nie, het Hy haar bemin en haar uitgelig en geseën.

Ons sien hoe God Lea wat deur Jakob ignoreer word, ook uitlig in die aantal jare wat sy leef en in waar sy begrawe word. Ragel word op die pad na Bethlehem begrawe. Sy is die jongste, maar sterf voor haar suster. Lea word in Makpela grot, die familiebegraafplaas waar Abraham en Sara ook gerus het, begrawe. Daar word Jakob ook later begrawe. Jakob word saam met Lea begrawe.

Slot:

As jy van enigiemand anders verwag om aan jou lewe die sin en betekenis en volheid te gee wat net God kan gee, al is dit iemand wat jy liefhet, sal dit vir jou ook wees soos om Ragel te begeer en met Lea wakker te word. Jy sal teleurgesteld wees, want jy verwag eenvoudig te veel van een mens. Om al jou hoop en verwagtinge en geluk van een mens te verwag is 'n las wat geen mens kan dra nie. Dieselfde geld enige afgod soos ons loopbaan of ons geld of ons besittings. Dit kan nie vir jou die aanvaarding of vrede of sekuriteit gee wat God alleen kan gee nie.

Die tweede wat die Bybel ons deur Jakob en sy disfunksionele familie van herkoms en sy eie disfunksionele familie wys is dat die Bybel nie vir ons mense wys wat bo aan die morele leer staan en ons moet opleef na hulle toe nie. Die Bybel wys ons swak en feilbare mense wat nie altyd genadig is of SY genade soek nie en ook nie die genade verdien wat hulle kry nie. Iemand skryf: in the Bible there are no ideal families, only real families. Dink maar aan Dawid en sy disfunksionele familie waar een van sy seuns sy halfbroer vermoor en 'n ander een teen Dawid in opstand gekom het en sy ryk probeer oorneem het.

Derdens is hierdie storie van Jakob en sy twee vrouens kritiek op die manier van doen van daardie tyd waar vrouens net hierdie besittings was wat tussen mans aangegee en geruil kon word. Dit bied kritiek op hierdie seining wat vandag nog leef dat hoe jy lyk belangriker is as wie jy is. God sien die onaansienlike Lea op die ou end meer as vir die beeldskone Ragel. Daarmee spreek God self sy identiteit uit teen die hele saak van uiterlikheid en hierdie obsessie met voorkoms wat ook ons wereld vandag maar steeds kenmerk. Soos iemand skryf: We cheer for Rachel and boo Leah. 1 Samuel 16: 7 sluit sterk aan my hierdie kritiek teen hierdie gedagte dat die uiterlike die belangrikste is. Die profeet Samuel dink dadelik Dawid se broer Eliab moet seker die nuwe koning wees wat hy moes salf. In voorkoms en buitengewone lengte was Eliab inderdaad meer imposant as sy broers. Maar God het hom nie gekies nie. Hy berispe Samuel as volg: Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, die Here na die innerlike (kyk na die hart van 'n mens).

Miskien voel jy ook vandag soos Lea nie besonder geliefd nie. Jy het dalk ook hierdie mooier en slimmer broer of suster wat al die shine in die huis vang. Miskien is jy ook in jou huwelik alleen en verlate soos Lea want jou man of vrou se groot liefde is iemand anders of iets anders soos hulle loopbane of geld of goed. Onthou die woorde oor Lea in die Ou Afrikaanse vertaling in 29:31: Toe God sien dat Lea die nie-geliefde was, het Hy haar skoot geopen. Hy het haar liefgehad en hy het haar

geseen. Dis waar jou diepste identiteit vandaan moet kom- uit SY liefde vir jou. Hy alleen is sterk en groot genoeg om die gewig van al ons hoop en verlange en ons soeke na betekenis en liefde te kan dra.

Amen